# Wil jy daaroor praat?

## Kom na My toe... Met jou doodloopstrate

Gerhard de Jager | Eden Gemeente | 12 April 2026

Vandag gaan ons gesels oor:

- ‘n Misterie wat net groter en groter word
- ‘n Uitnodiging
- Time will tell
- ‘n Antieke gedig
- Die toestand van die gode
- 77 retoriese vrae

Laat Sondagmiddag in 2010 ry ek terug met ‘n bus op pad huis toe met ‘n klompie tieners na ‘n wonderlike tienerkamp.

Opgewonde, moeg, en ‘n stukkie hartseer dat die naweek verby is, stop ons by ‘n vulstasie. Toe almal terug in die bus is, loop ek om die bus om seker te maak die deur is reg toe, maar ek was lui. Ek wou nie om die sleepwa ook loop nie, so ek vat toe die kort pad en spring oor tussen die sleepwa en bus... net so hoog...

Ek land aan die ander kant, trap skeef, en die pyn tref my... ek raak sommer so koud van die seer, maar ons is op ‘n missie op pad huis toe.

Ek huppel op een been terug na die bestuurderstoel, en elke keer wanneer ek daardie clutch trap, voel dit of ek wil skree. Die sweet tap van my kop af; hier is iets gebreek...

Die aand toe almal terug by die huis is, kom ek aan by die huis en my voet is pers, vreeslik geswel, en ek kan nie op dit trap nie.

Volgende oggend is ek dokter toe. Die dokter sê hy vermoed nie ek het iets gebreek nie; ek moet net die voet in ‘n stut sit en op krukke loop vir twee weke, en dan kyk ons hoe dit gaan.

Twee weke later is dit nog seer... maar die swelling is weg, ek kan loop, en alles is reg. JARE LATER...

Agt jaar, om presies te wees, begin ek al hoe meer agterkom hoe my Achilles-tendon en my knie vrek seer raak. Elke oggend as ek opstaan is dit vrek seer, en die dag toe my heup aan daardie kant begin pyn, besluit ek toe om ‘n spesialis te gaan sien.

Hy het my deuglik ondersoek en hy vra my: “Het jy jou ATFL geskeur?” My antwoord is natuurlik: ... Ek weet nie? ‘n Sonar later en sy vermoede is bevestig: Die ATFL is morsaf... en ‘n klein operasie later is ek op die been.

Ek het nou vir jou die hele storie vertel, en deur die feite wat ek op die tafel gesit het, weet jy nou wat die rede is vir die pyn in my tendon, my knie en my heup: dit is omdat my ATFL geskeur het.

Dit is ‘n antwoord op die vraag; al die inligting is vir jou gegee... maar hierdie antwoord maak nog ‘n paar ander vrae oop...

Wat is jou ATFL? Wel, die ATFL staan vir Anterior Talofibular Ligament, een van die primêre ligamente aan die buitekant van jou enkel. Dit verbind die talus met die fibula en help om die enkelgewrig te stabiliseer.

Dis die antwoord op jou vraag; weereens het jy al die inligting gekry, maar dit maak nog vrae oop. Wat het dit te doen met my knie, my heup?

Wel, wanneer jy 'n chroniese besering soos jou ATFL-skeur het, herbedraad jou brein letterlik jou bewegingspatrone om 'n nuwe "neutraal" punt te vind wat pyn vermy, en om te help dat jy nie val nie. Die tragedie is dat hierdie nuwe neutrale punt nie in lyn is nie. My nuwe neutraal was om meer na die binnekant toe te trap. En dit het oor die jare baie spanning op my knie en heup gesit.

Weereens is dit ‘n antwoord, weereens is al die inligting op die tafel, maar hoekom het my brein my neutraal geskuif?

Wel, dit het iets te doen met die feit dat ek nie wil val en seerkry nie; ek beskerm myself. My liggaam doen dit.

Wat ‘n antwoord is, maar hoekom wil ek myself beskerm?

Wel, daar is hierdie inherente iets in die onderbou van die mensdom dat die lewe kosbaar en belangrik is, en dat dit beskerm moet word...

Wat ‘n antwoord is, MAAR... Het jy al ooit ‘n antwoord op ‘n vraag gekry wat vir jou die volle omvang van ‘n antwoord gegee het? Vrae word gevra, en antwoorde kan ook gegee word, maar dit maak net nog vrae oop.

Dis asof elke antwoord die misterie net een vlak dieper neem... En dis presies wat ons as mens maak met die misterie van die lewe... Ons wil dit verstaan, ons wil hê dit moet logies sin maak.

Ons soek die antwoord, ons soek die oplossing. Maar met elke antwoord wat ons kry, raak die misterie net groter en groter.

Ek vermoed dit het iets te doen met die feit dat daar in hierdie lewe ‘n ontploffing van logiese, feitegebaseerde antwoorde op amper alles is, maar die ding is: hoe meer hulle antwoorde kry, hoe meer vrae kom op.

Ons sien dit veral met die wetenskaplikes wat die ruimte bestudeer, of mikrobioloë... Hoe meer hulle vind, hoe meer besef hulle ons weet eintlik baie min, en soveel nuwe vrae kom op.

Hierdie is veral waar as dit kom by die dinge in die lewe wat nie inpas by die normale verloop van die lewe nie. Wanneer die mat van die lewe onder jou uitgeruk word...

Nou, daardie dag... ek het ‘n gesprek met iemand een Sondag, en die dag daarna kry ek die nuus dat die persoon hul eie lewe geneem het... Wat maak jy met dit? Ek het duisende vrae...

Ek onthou die ma wat by my kom sit het, wie se kind met kanker gediagnoseer is, en dinge lyk nie goed nie... Wat maak ‘n mens met dit?

Ek kry ‘n oproep, waar iemand my in trane vertel hoe hy nou op pad is na sy kantoor waar hy 80% van sy mense moet retrench, want hulle grootste kliënt het hul besigheid verkoop... Ek praat met ‘n vrou, haar man het ‘n verhouding met ‘n ander vrou. Die persoon wat my kom sien en sê, ek het gister gehoor ek het stage 4-longkanker...

Wat maak ‘n mens met hierdie oomblikke waar dit voel hier is nie enige uitkoms nie, en jy het soveel vrae...?

Veral na Pase... Verlede Sondag het ons gevier dat die klip weggerol is. Maar net die dag daarna, voel baie mense dat die klip in hul eie lewens nie beweeg het nie.

En daarom dink ek dit sal 'n dwase ding wees vanoggend om te probeer 'n *one size fits all-* antwoord te gee op hierdie vrae... want dit gaan net nog duisende vrae oopmaak...

Maar wat doen ons met hierdie dinge in die lewe wat voel asof dit die kleur uit ons lewens steel?

Dalk lê die antwoord nie in nog vrae nie, maar eerder in Jesus se uitnodiging, wat ons oor en oor kan sien in die Evangelies. Die uitnodiging van KOM NA MY TOE... Net om 'n paar te noem:

> *Matteus 11:28*
> *"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee."*
>
> *Johannes 6:35*
> *"En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie."*
>
> *Johannes 7:37*
> *"En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink."*

Hierdie uitnodiging wat Jesus gee is soveel groter as net trooswoorde; dis 'n uitnodiging na jou skeppingsdoel toe. Dis 'n uitnodiging na die plek vir waar jy gemaak is om te wees.

En daarom, vir die volgende paar weke, wil ons kyk na hierdie lewensveranderende uitnodiging van Jesus om na Hom toe te kom met jou doodloopstrate, jou trane, jou vermoeienisse en vrese. En met hierdie uitnodiging gaan jy dié geheim vind waarvan Paulus praat, Paulus wat hierdie swaarkry van die lewe geken het:

> *Fil 4:11-13 (NIV)*
> *"Not that I was ever in need, for I have learned how to be content with whatever I have. I know how to live on almost nothing or with everything. I have learned the secret of living in every situation, whether it is with a full stomach or empty, with plenty or little. For I can do everything through Christ, who gives me strength."*

Paulus sê vir hulle, ek het die geheim gevind... Die geheim van die voluit lewe te midde van omstandighede; die geheim waarna ALMAL soek. Dis asof Paulus sê: Mense, die geheim lê in hierdie uitnodiging van Jesus...

Ons almal ken die sêding: *time will tell*... tyd sal leer. Dis natuurlik waar; tyd sal leer dat dit wat ons nou doen en waarmee ons besig is werk, of dit werk nie... Hierdie soeke na ware blydskap is deur die eeue heen sekerlik die grootste soeke van die mens...

Vraag is: het tyd ons geleer? Is ons nou in die moderne tyd meer gelukkig as die vorige generasies?

Ja, baie dinge het verbeter:
- Ons leef langer
- Ons verstaan beter
- Dinge soos slawerny is meestal uitgeroei of ten minste stem meeste mense en nasies saam dis verkeerd
- Ons het baie tegnologie en beteringe aan maniere om te leef om die lewe te vergemaklik...

Maar met dit alles, is die mensdom meer gelukkig? Heers blydskap? Het ons gegroei in die soeke na ware geluk? Is ons hoopvol?

Ons almal weet die antwoord is nee. As ons kyk net na die oorloë in ons wêreld vandag, die skokkende statistieke van depressie en angs in die wêreld, selfmoordsyfers wat styg... dis asof hopeloosheid heers.

Ons sien dit selfs in die volksmond; mense sal gereeld sê: as dinge net kan wees soos dit was... So tyd is besig om ons te leer... In hierdie wêreld van selfhelpboeke en vinnige antwoorde, vind ons nie ware HOOP nie. En dat dit wat ons soek, of dit wat ons DOEN om die geluk te kry, OF hoe ons maak met ons moedeloosheid... WERK NIE.

Maar die Bybel HET nog altyd die antwoord vir hierdie soeke... en dit is deur die eeue heen onveranderd. Dis die geheim waarvan Paulus praat... die geheim is al vir etlike eeue opgeskryf in 'n antieke gedig... wat ons ken as Psalm 1.

**Psalm 1**
1 Dit gaan goed met die mens
wat nie die raad van goddeloses
volg nie,
nie met sondaars omgaan
en met ligsinniges saamspan nie,
2maar wat in die woord van die Here
sy vreugde vind,
dit dag en nag oordink.

Hierdie gedig was natuurlik oorspronklik in Hebreeus geskryf; die heel eerste woorde kan vertaal word as: *O how happy... is the man*. Engelse vertaling is die eerste woord *Blessed...is the man*.

Is dit nie juis die soeke wat alle mense het nie? Hierdie woorde herinner my aan iets wat Jesus ook gesê het.

**Matt 5**
Die begin van die Bergpredikasie... sekerlik die bekendste preek wat nog ooit gepreek is... En Jesus begin die preek met die woorde:

Matt 5:3
"Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele."

Die eerste woorde wat Jesus gebruik in die preek, is ook die WOORD: Salig... in Engels... *Blessed is...*

**Makarios**

Makarios in die sekulêre Griekse literatuur is die woord wat gebruik word om die toestand van die gode of die ultra-rykes te beskryf. Daar is nie 'n beter toestand as hierdie nie.

In die Septuagint (die Griekse vertaling van die Ou Testament) word die woord Makarios gebruik in daardie eerste woorde in Psalm 1 wat ons nou net gelees het. Oor en oor deur die Skrif sien ons hierdie... hierdie roep na Makarios-LEWE, want dis ons skeppingsdoel.

So Jesus gebruik hier 'n woord wat die mense se monde sal laat oophang en sê... JA EK SOEK dit... Makarios.

Kyk hoe beskryf die Amplified dit:

Matt 5 (Amp)
"Blessed [spiritually prosperous, happy, to be admired] are the poor in spirit [those devoid of spiritual arrogance, those who regard themselves as insignificant], for theirs is the kingdom of heaven [both now and forever].

En dis net hier waar die mense sekerlik begin sukkel het met wat Jesus gesê het. Die mense wat arm van gees is, is die mense wat Makarios sal kry?

Jesus gebruik twee paradoksale woorde in hierdie sin… Salig (makarios) is die wat… almal sit op die punt van hul stoele, hier gaan ek die antwoord op die grootste vraag van die hele lewe kry… Salig (makarios) is die wat… arm van gees is…????

Ptōchos… dis die Griekse woord om ‘n behoeftige bedelaar te beskryf — iemand wat geen hulpbronne het nie en heeltemal afhanklik is van die aalmoese van ander.

So net hier is waar die mense se monde oopgeval het in wat Jesus sê, want Hy het nou net gesê Makarios is die een… Soos ‘n skatryk persoon is die een wat brandarm is? Natuurlik maak Jesus nie die stelling oor fisiese geld nie, maar eerder om "arm van gees" te wees, wat beteken dat ons ons "geestelike bankrotskap" voor God erken.

[those devoid of spiritual arrogance, those who regard themselves as insignificant]

As ‘n besigheid bankrot verklaar word (en ek weet dit is BAIE meer gekompliseerd as wat ek dit nou gaan verduidelik), maar dit is wanneer die besigheid op ‘n plek kom waar hulle nie meer hul uitstaande skuld kan betaal nie, en dis ’n erkenning dat hierdie besigheid nie op hul eie kan voortgaan nie.

Ware Makarios kan alleenlik gevind word as jy tot die besef kom: ek is bankrot in my eie probeer, ek kan hierdie nie doen nie.

John Stott, wat baie geskryf het oor die Bergpredikasie: *"The way up in God’s kingdom is the way down."*

God se koninkryk is *countercultural*.

Terug na Psalm 1:

3Hy is soos ’n boom
wat by waterstrome geplant is,
wat op die regte tyd vrugte dra
en waarvan die blare nie
verdroog nie.
Hy is voorspoedig in alles
wat hy aanpak.

Wat ‘n wonderlike metafoor. ‘n Boom… ‘n boom is blootgestel aan alle seisoene, koue winters met storms asook baie droë warm somers, en die boom ervaar dit. Tog is hierdie spesifieke boom waarvan die Psalm praat anders as baie ander bome… NABY die rivier…

Hierdie boom se wortels het toegang tot 'n konstante en aanhoudende stroom water wat daar is selfs wanneer die hitte kom, dit is daar selfs wanneer die droogte kom.

Die Bybel beskryf ‘n ware volgeling van Jesus nie net as 'n godsdienstige persoon nie, of 'n vriendelike goeie mens nie. Maar dis eerder iemand wat geplant en gewortel is in iets buite hom of haarself.

Dis die rede hoekom die Bybel die beeld van wedergeboorte gebruik: Ek kan nie hierdie in my eie krag doen nie, ek moet toegee… Soos ‘n kind net kan toegee om gebore te word… Net so die boom net kan toegee tot die stroom…

Die boom ervaar swaarkry. Daar is pyn. Die boom dra nie altyd vrug nie, maar die Psalm sê die een wat geplant is naby die stroom se blare verwelk nie.

Wat ‘n beeld... Net verder in dieselfde preek wat Jesus gepreek het, sê Hy:

Matt 6:33
"Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."

Wat is al hierdie dinge? Makarios...

Oor en oor nooi die Bybel ons na hierdie soort lewe:

Psalm 51: Staan bekend as een van die boete-psalms van Dawid, in sy berou met wat hy gedoen het met Batseba.

Kyk sy woorde:
18 Want U het geen lus in slagoffer nie, anders sou ek dit gee; in brandoffer het U geen behae nie. 19 Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!

Dis ‘n neerbuig, ‘n erkenning tot bankrotskap...

Jesaja 66
1 SO sê die Here: Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Waar is dan die huis wat julle vir My sal bou? En waar die plek wat my rusplek sal wees?
2 Want my hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek die Here. Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord.

En ek vermoed hierdie is die rede hoekom ons wêreld so hopeloos is, want ons soek dit in onsself, en as ek dit nie kan regkry nie, dan wat gaan van my word?

Maar as deel van ons skepping, ons skeppingsdoel, is dat ons is gemaak VIR die koninkryk van God. Ons is gemaak om soos die boom te wees, en te erken: ek kan hierdie nie doen nie... ek het hulp nodig.

U is God, en nie ek nie... en dis net HIER waar jy Makarios gaan vind.

Hierdie week, SOOS ek deur hierdie verse lees, is ek die hele tyd herinner aan JOB. Wat ‘n verhaal. Job: ‘n skatryk, regverdige mens. Die vyand maak die aanklag en sê: maar Job dien net die Here omdat hy so geseënd is. En Job word getoets... Sal hy steeds God dien te midde van die swaarste oomblikke?

Job het die ergste beleef, hy verloor alles... Al sy besittings, al sy kinders. Hy word siek, en leef in sak en as op ‘n puinhoop van rou. Die toonbeeld van ‘n doodloopstraat.

In die tweede hoofstuk sê Job se vrou: vloek God en sterf... maar Job hou vas aan God. Net die volgende hoofstuk lees jy hoe Job die dag van sy geboorte vervloek, en hoop dat hy net eerder kan vrede vind in die dood. Hy is op ‘n vreeslike donker plek...

In die Joodse kultuur was daardie ritueel *sitting shiva* (sitting Seven), waar jou vriende vir sewe dae by jou kom sit in jou sewe dae van rou. Die doel is om net daar te wees, geen gesprekke, geen vrae, geen antwoorde nie. Sit net in die oomblik.

As dit maar net daar kon gebly het vir Job, maar toe daardie 7 dae verby is, toe begin die vriende praat. Hulle vra vrae en probeer sin maak van wat besig is om te gebeur en hoekom dit gebeur het.

Job, dit moet sonde wees. Dit moet jou kinders se sonde wees.

En oor en oor doen hulle wat ons doen. Vra vrae wat net nog vrae oopmaak.

Van hoofstuk 4-37 debateer Job en sy vriende. Job, wat 'n regverdige, eerbare man was, sê toe die volgende:

Job 23
8 KYK, ek gaan na die ooste, en Hy is nie daar nie; en na die weste, maar ek bemerk Hom nie.
9 As Hy in die noorde werk, aanskou ek Hom nie; buig Hy af na die suide, dan sien ek Hom nie.
10 Want Hy weet hoe my wandel is; as Hy my toets, sal ek soos goud te voorskyn kom.
11 Aan sy voetstap het my voet vasgehou; sy weg het ek bewaar sonder om uit te draai.
12 Van die gebod van sy lippe het ek nie afgewyk nie; die woorde van sy mond het ek bewaar meer as my eie wet.

Kyk Job se woorde... daar is 'n sekerheid van wie God is, selfs in die doodloopstraat. Sy woorde is dat hy nie God ervaar nie. Maak nie saak waar hy kyk nie, God is nie daar nie. Maar TOG... klou hy vas. Hy bly geanker in die stroom...

En daarom is Job se verhaal soveel meer as net 'n storie, dis 'n ervaring. Job en sy vriende gaan deur die emosies en ervarings wat ons deurmaak in die doodloopstrate, hopeloosheid en moedeloosheid.

Amper die ervaring om na die Hemel te kyk en te skree... Here, waar is U...

En dan begin God uiteindelik met Job praat uit 'n stormwind, maar God beantwoord nie Job se vrae oor sy lyding nie. In plaas daarvan vra Hy 77 retoriese vrae vir Job.

"Waar was jy toe Ek die fondamente van die aarde gelê het?" "Wie het sy afmetings bepaal?" "Het jy al gekom by die voorraadskure van die sneeu?" "Kan jy die bande van die Sewester vasknoop?" "Ken jy die wette van die hemel?" "Wie het die wysheid om die wolke te tel?"

Dan word Job uitgedaag om vir 'n oomblik homself in te dink om die "troon" van die heelal in te neem om te sien of hy die wêreld beter kan regeer. "Het jy 'n arm soos dié van God?"

Oor en oor vra God vir Job hierdie vrae... nie om 'n antwoord te kry nie, maar om Job se perspektief te skuif... En dan reageer Job met die woorde:

Job 42
2 Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie. 3 Wie verberg die
raadsbesluit daar sonder kennis? So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te
wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie. 4 Hoor tog, en ék sal spreek; ek sal U ondervra en
onderrig U my! 5 Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien. 6
Daarom herroep ek en het berou in stof en as.

Hierdie is woorde van bankrotskap... Die besef, wie is ek... en Wie MY GOD IS. Ek het die stroom nodig.

Job 42: 12 En die Here het die einde van Job meer geseën as sy begin... En as jy net gaan lees hoe Job geseën was, kan dit nie anders beskryf word as MAKARIOS nie. En dis die uitnodiging van Jesus: KOM NA MY TOE... en hier by my sal jy met jou ARME GEES, Makarios ervaar, want dis waarvoor jy gemaak is.

Mag jy in die skadu van Pase hierdie week gereeld stil word, besef wie die Een is wat vir jou gesterf het... Wie die Een is wat jou nooi om naby te kom... En begin vandag met die belydenis van: Here, ek kan hierdie nie doen nie. U is God, ek is nie; lei my.